



## Gebroke harte kan weer spontaan 'n loflied vir God sing

**Skrifgedeelte: Psalm 147:1-6  
(1983-vertaling)  
Fokusgedeelte: Psalm 147:3**

Ons ervaar nie elke dag sigbare en hoorbare dinge wat ons tot lof en dank aan God sal aanspoor nie. Laat ons dan konsentreer op dit wat ons wel van God weet.

Die psalmdigter het oor die volk se lewe nagedink en besef dit is eintlik 'n genot om God se lof te besing. Dit kom God toe, want Hy doen wonderlike dinge. Kyk na sy wysheid in die geskiedenis: Dit is God wat Jerusalem weer opbou en die verstrooide ballinge van Israel weer bymekaarbring. Kyk na sy wondermag in die natuur: Hy het met miljoene sterre die uitpansel oopgesprei en met sy hande uitgemeet.

Dit is verbasend dat God, besig met die hele wêreld se instandhouding, ook nog sy liefdevolle aandag aan gewone mense gee. Die Almagtige God is só ryk in genade dat Hy nie by

die hulpeloses, die gebrokenes van hart, verbykyk nie. Hy sien hulle hartseer, hulle wonde en verliese, hulle talryke mislukkings en teleurstellings raak.

God kyk dieper as net ons gevoelens aan ons lyf. Hy kyk of ons soos die ballinge daar op pad terug na Jerusalem boete en berou oor ons sondes het. Hy wil daardie hart genees wat oor ons foute huil, ons verharding met dit wat verkeerd is.

Gaan kyk na jou lewe en jy sal sien hoeveel keer Jesus Christus ook jou sondes met sy bloed bedek het. Erken al die kere waar Hy jou genees het en sy Gees jou weer op jou pad versterk het. Vind jy dit dan nog moeilik om 'n loflied te sing?



Publikasie  
Publication



Nr./No.: H14